

Sing vooraf: Psalm 100:1-4 (p. 494)

- | | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 | Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees. |
| 3 | Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam. | 4 | Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag. |

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,
so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 38:1,
17 (p. 189).*

Wet

Psalm 38:1, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 17 Wil my, Heer, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 84:1, 6 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan

en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

- 6 'n Son en skild is onse Heer; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, Heer, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Skriflesing: Genesis 49

Teks: Genesis 49:29 & 31b

Daarna het hy hulle bevel gegee en aan hulle gesê: Ek word versamel by my volk. Begrawe my by my vaders in die spelonk wat op die stuk grond van Efron, die Hetiet, is;

(Genesis 49:29 AFR1953)

Daar het hulle Abraham begrawe en Sara, sy vrou; daar het hulle Isak begrawe en Rebekka, sy vrou; en daar het ek Lea begrawe – . . . (Genesis 49:31 AFR1953)

Jakob het vir sy kinders gesê: "Wanneer ek sterf, moet julle my gaan begrawe in die familiegraf, in die grot op die grond van die Hetiet Efron.

(Genesis 49:29 AFR1983)

Abraham en sy vrou Sara is daar begrawe, Isak en sy vrou Rebekka is daar begrawe, en daar het ek vir Lea begrawe. (Genesis 49:31 AFR1983)

Hoe baie keer gebeur dit nie met ons dat ons voel hoe daar spanning is tussen dinge wat ons graag wil hê en dit wat God wil hê nie? En dan ook daarmee saam die onwilligheid wat daar by ons is om te berus en te aanvaar dat dit wat die Here oor ons beskik die regte ding is. Uiteindelik na baie stryd en dikwels ook pyn en onaangenaamheid kom ons dan tot berusting en aanvaarding van die Here se raad met ons.

1. Jakob die ontevredene

2. Die eerste wending

3. Die tweede wending

1. Jakob die ontevredene

Jakob het hierdie pad van worstel en ontevrede wees met die Here geloop. Hy het twee vrouens gehad. Die een het hy by die Here gekry en die ander het hy veertien jaar lank voor gewerk.

- Die een wat die Here hom gegee het, het hy nie werklik liefgehad nie. Hy het ook gesê dat sy lelik is. Dit was Lea.
- Die ander een was vir hom baie mooi, en sy kon in sy oë niks verkeerds gedoen het nie. Sy was Rachel.

As mens na die geskiedenis van die man en sy twee vrouens kyk, is daar tog sekere gebeurtenisse wat uitstaan, en wat mens aanvoel dat dit net nie reg is nie.

- Jakob het met twee susters tegelykertyd getrou.
 - Hy het, volgens die gebruike van daardie tyd, die keuse gehad om tydens die bruidsweek van Lea af weg te loop.
 - Dan sou die huwelik ongeldig gewees het.
 - Maar hy gaan met die bruidsweek deur, en hy kry toe vir Rachel ook – maar dan op die voorwaarde dat hy nog sewe jaar vir haar ook moet werk.

Ons lees in Levitikus 18:18 dat so 'n huwelik met twee susters, later deur die Here verbied is.

Jakob het Rachel openlik meer liefgehad as vir Lea. Lea het dit ook geweet (Genesis 29:33).

- Daarom het hierdie twee vrouens op 'n baie lelike manier begin wedywer vir die liefde van hulle man.
- Die Here het aan Lea die voldoening gegee dat sy vir Jakob vier seuns in die wêreld gebring het.
- Die nasate van twee van hierdie seuns, naamlik Levi (die priesters) en Juda (die konings), het later 'n bepalende rol in die geskiedenis van Israel gespeel.

Toe Rachel sien dat sy self nie kinders kry nie, het sy die voorbeeld van hulle ouma Sara gevolg en haar slavin as 'n vrou aan Jakob gegee.

- Op hierdie manier het sy – volgens die gebruike van daardie tyd – twee seuns gekry het wat sy as haar eie kon beskou, naamlik Dan en Naftali.
- Toe dié ding gebeur, het Lea haar slavin ook betrek, en Jakob het by Silpa ook twee seuns, naamlik Gad en Aser.

In hierdie tyd het die spanning blykbaar so hoog geloop tussen die twee vroue, dat Jakob nie meer met Lea omgang gehad het nie.

- Ruben was toe al groot genoeg dat hy in die veld rondgeloop het, en hy het daar liefdesappels in die hande gekry wat hy vir Lea gebring het.
- Rachel wou toe die liefdesappels hê.
- Lea se onderdrukte posisie, ook deur haar man, het uitgekóm in haar woorde aan Rachel: Is dit nie genoeg dat jy my man geneem het nie?

Daarna vind daar 'n ruiltransaksie plaas wat deur Lea as wettig beskou word.

- Rachel kan die liefdesappels kry as Jakob by Lea kan gaan slaap.
- Lea het toe ook vir Jakob gaan wag en toe hy aankóm huis toe, het sy vir hom gesê dat hy vir die aand na haar toe moes kom, want sy het hom wettig gehuur !

Uit hierdie gebeurtenis lei ons af dat Jakob Lea vir 'n tyd lank verstoot het. Daar was twee moontlike redes voor.

- Die een is dat Jakob openlik voorkeur gegee het aan Rachel.
- Die tweede moontlikheid was dat Rachel dalk met haar geaardheid soveel spanning geskep het, dat Jakob ter wille van vrede nie na Lea toe gegaan het nie.

Lea het toe sonder liefdesappels vir Issaskar gebaar en later ook nog vir Sebulon en Dina. Rachel met haar liefdesappels het kinderloos gebly.

Later het die Here tog aan Rachel gedink en sy het 'n seuntjie gekry met die naam Josef.

- In hierdie naam gee Rachel haar wens te kenne dat die Here vir haar nog 'n seun moet gee.

'n Tydjie hierna het die Here aan Jakob die opdrag gegee dat hy van Laban af moet weggaan en dat Hy met hom sal wees (27:45; 28:15).

Merkwaardig is dat die twee vrouens albei gelyklik by Jakob staan en dit goedkeur dat hulle en hulle kinders saam met Jakob wegvlug toe Laban weg is om te gaan skape skeer.

Maar Rachel, die keusevrou van Jakob, steel die huisgode (terafim). Dis klein beeldjies wat by private godsdienstplegtighede gebruik is.

- Die beeldjies was egter ook die waarborg van die besitter se erfregte!
- Dit was die rede waarom Rachel hulle wou hê en Laban hulle wou terughê.
 - Rachel was dus oneerlik!
 - Ons lees nie dat Lea sulke dinge gedoen het nie.
 - Sy was blykbaar 'n sterk vrou wat geweet het wat reg is, en dit gedoen het.

2. Die eerste wending

Toe kom die nag by Pniël.

- Daar het God met Jakob geworstel omdat hy nou vir 20 jaar lank alles gesteel het wat die Here buitendien as seën vir hom gegee het.
- Daar smeek Jakob ook die eerste keer opreg vir genade.
- Hier het daar 'n wending gekom in Jakob se totale verhouding met die Here, en het hy ook geleer om te berus in die beskikking van die Here en om daarmee saam te lewe.

Tog bly die voorkeur vir sy een vrou steeds daar.

- Toe die ontmoeting met Esau plaasvind, word daar 'n bepaalde orde opgestel.
 - Die slavinne met hulle kinders staan voor. As daar gevaar is, moet hulle die eerste aanslag vat.
 - Tweede kom Lea met haar kinders.
 - En laaste, sodat sy die beste kans het om te kan ontsnap as daar probleme sou wees – staan Rachel en Josef !

Dan merk ons weer die verskil in die twee vrouens se optrede (33:7w.). Toe die prosesie voor Esau kom, moes almal hulle eer gaan betoon.

- Uit die kort beskrywing wat die Bybel gee, lees ons dat Lea vorentoe gaan met haar kinders en sy en haar kinders buig voor Esau.
- Met Rachel lyk dit asof Josef die een is wat gaan buig en sy ma kom maar net agterna. Die Bybel skeep nie die indruk dat Rachel gewillig haar man se eer aan sy broer gaan betuig nie.

Josef het as jong seun hierdie gebeurtenis meegemaak.

- Hy was wel nie fisies daar toe sy pa en die Here geworstel het nie, maar hy het die volgende dag gesien hoe sy pa in pyn was en hoe hy kruppel geloop het.
- En hy het natuurlik gehoor wat die grootmense gepraat het oor wat alles die nag gebeur het.
- Hy het natuurlik as kind sy pa se veranderde gedrag ook baie sterk ervaar.

Daarom het Josef die lykstoet ook na Pniël toe laat teruggaan en sy pa daar eers vir sewe dae laat bekla voordat hy verder getrek het.

'n Aantal jare na hierdie gebeurtenis by Pniël verwag Rachel weer en daar word nog 'n seun gebore.

- Rachel se verbittering kom uit in die naam wat sy die kind gee: Benoni – *seun van my smart*.
- Jakob was nie hiermee tevrede nie, en hy gee die seun 'n ander naam – Benjamin, wat beteken *seun van my regterhand*.

Met hierdie geboorte sterf Rachel. Dan gebeur daar iets baie eienaardigs.

- Die Bybel sê dat sy begrawe is by Betlehem en dat Jakob daar vir haar 'n gedenksteen op haar graf opgerig het.
- Wat eienaardig is, is dat hierdie graf van Rachel op die verste maar ongeveer 32 kilometer van die spelonk van Magpela af is waar Abraham en Sara en Rebekka begrawe is.
- Net daarna is Isak toe ook dood en toe het Jakob en Esau hom in die spelonk van Magpela gaan begrawe, saam met die ander.

Die vraag is: Waarom het Jakob hierdie lieflingsvrou van hom nie ook in die familiegraf gaan begrawe waar al die ander verbondsfamilie gelê het nie?

- Wat die vraag so hinderlik maak, is die feit dat Lea ook 'n rukkie later dood is, en toe het Jakob haar wel in die familiegraf gaan begrawe.
- Die lieflingsvrou lê iewers in die veld begrawe en die lelike vrou wat met die afskepliefdetjies van haar man moes leef, word in die familiegraf begrawe.

3. Die tweede wending

Dinge word meer duidelik as mens nou na Jakob se sterfbed toe gaan. Net voor sy dood roep hy Josef met sy twee Egiptiese kinders nader.

- Hy seën toe hierdie twee seuns, maar hy kruis sy arms toe hy sy hande op die twee seuns se hoofde plaas sodat die eersgeboorteseën nie na die oudste toe gaan nie, maar na die jongste toe.
- Josef was baie ontsteld hieroor en hy het sy pa se regterhand gegryp en dit op die oudste seun se kop probeer plaas (48:18).

Jakob het egter geweier en gesê dat hy weet wat hy doen.

- Hy het verstaan dat hy hier die jongste met die oudste se seën moet seën, soos wat dit die geval moes wees met hom en Esau.
- Maar, anders as Isak, berus Jakob in die opdrag van die Here en hy spreek die seën uit soos die Here dit van hom verwag.
- Jakob het dus al 'n ver pad geloop om te kan berus in die wil van die Here, en om onvoorwaardelik te wil doen wat die Here wil, al gaan dit teen sy grein as mens in.

Toe roep Jakob al sy seuns en hy seën hulle.

- Toe hy by Lea se vierde seun kom, het hy besef dat die ewige Koning uit hierdie man gebore gaan word.
- Hy sê toe: Juda, jy is dit! Die septer sal van Juda nie wyk nie!
- Profeties het Jakob gesien hoe die koningskap van Juda se nasate die beeld gaan vertoon van die koningskap van Jesus Christus.

Rachel se kinders het nie een hierdie hoogste seën gekry nie. Dit beteken nie dat die Here se seën nie met die twee seuns, en dan veral Josef, was nie.

- Rachel se seun Josef het 'n aardse koning geword.
 - Hy het regeer oor sy broers toe die hongersnood hulle wou doodmaak.
 - Daarin vertoon Josef verseker die styl van Jesus die Middelaar en Verlosser.
- Maar Lea se seun Juda was die voorsaak van die Ewige Koning, Jesus Christus.

Die Here Jesus Christus self het ook geworstel om sy menslike wil met dié van God versoen te kry:
Vader, as dit U wil is, laat hierdie beker by my verbygaan.

- Dit was nie maar net sommer so 'n gebed wat vra dat die Here tog maar asseblief moet oorweeg om iets te verander nie.
- Jesus, as mens, was bang vir die volgende dag se marteling en dood.
- Jesus self, as mens, was in so 'n spanning dat Hy eintlik bloed gesweet het daar waar Hy gebid het dat die beker by Hom moet verbygaan as dit God se wil is.

Toe het die versoening en berusting ook by Hom gekom.

- Na die derde keer het Hy opgestaan, en Homself oorgegee toe Judas met die tempelwagte daar opgedaag het.
- Toe het Hy gaan sterf om ook vir ons versoening te bewerk tussen die spanning wat daar is omdat ons nie altyd wil wat God wil nie.

Net so het Jakob in die wil van die Here berus.

- Daarom sê hy dat hy by Lea begrawe wil wees.
- Hy wil gaan rus in die graf van sy verbondsvoorouers waar hyself die vrou wat die Here hom gegee het – Lea – gaan begrawe het.
- Lea wat deur die Here gegee is omdat Juda uit haar gebore moes word – Juda, die draer van die Koning wat sou kom, Jesus Christus.

Dis ook waarom Josef nie met die begrafnisstoet reguit na Magpela toe is nie.

- Ons lees in Genesis 50:10 dat Josef eers na die Steekdoringdorsvloer toe is.
 - Dis waar Pniël is.
 - Dis waar Josef onthou dat sy pa daar tot inkeer gekom het om te verstaan en te berus in die wil van die Here.
- Daarom het hy dat die stoet wat saamgereis het Jakob vir 'n volle week lank daar beweën voordat hy verder is na sy pa se graf toe.

Die mense wat daar gebly het, het gesê dat dit vir die Egiptenare 'n swaar rou was.

- Josef het dus dat hulle die Egiptiese rou-seremonies daar uitvoer.
- Daar waar Jakob met God en mense geworstel het, daar het die Here na sy dood aan hom vorstelike eer laat betuig.
- Jakob – die skelm en bakleier – het tevrede geraak met die beskikking van die Here, en die nodige eer daarvoor ontvang.

Elke mens kry maar sy tye wanneer hy gespanne raak met die lewe – of as ons dit eerliker wil stel: wanneer ons opstandig raak teen die lewe.

- Sulke tye moet mens baie diep en fyn aandag gee aan dit wat die Here ons leer.
- Die Ewige Koning Jesus regeer oor ons met 'n verlossingsraad waarin alles wat vir ons goed en reg is, oor ons beskik word.

Daar is kere dat daar spanning is tussen dit wat ons het en dit wat ons wil hê.

- Dan is ons onwillig om te berus en te aanvaar dat dit wat die Here oor ons beskik die regte ding is.

- Dit is nie nodig dat ons soos Jakob eers deur baie pyn moet gaan en eers op ons sterfbed tot berusting kom nie.

Ons kan 'n heerlike lewe van tevredenheid met die raad van die Here lewe.

- Ons kan die volheid daarvan smaak dat die Here se beskikking oor ons op die ewige lewe gerig is, en meer seën as dit kan niemand verwag nie.
- Dis waarom Jakob gesê het: *Begrawe my by my vaders in die spelonk wat op die stuk grond van Efron, die Hetiet, is. . . . daar het ek Lea begrawe.*
- Daar lê al die mense met wie die Here sy verbond opgerig het – en Jakob het verstaan dat hy deel is van hulle.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: Gemeentekamp 25 Mei 2008